REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **45c** Local
Buitelands **60c** Other countries
Posvry • Post free

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 245 PRETORIA, 29 NOVEMBER 1985 No. 10021

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

No. 2669 **29 November 1985**

WET OP HUURBEHEER, 1976

VERKLARING DAT SEKERE WONINGS EN BEDIENDEKAMERS VAN HUURBEHEER ONTHEF IS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 (g) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), verklaar ek, Abraham Adriaan Venter, Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, hiermee dat die ondergemelde perseel drie kalendermaande vanaf die datum van publikasies hiervan, van huurbeheer onthef is:

(a) Die wonings in die woonstel gebou genoem in die Bylae hiervan; en

(b) die bediendekamers geleë op enige plek op grond wat deel uitmaak van grond wat geokkupeer word deur of gebruik word in verband met die woning in (a) hierbo genoem.

A. A. VENTER,
Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke.

BYLAE

Adres van eiendom.—Knightsbridge Mansions, Woonstelle 3 met bediendekamer, 103 met bediendekamer, 105, 106, 205, 206, 301 met bediendekamer, 303, 306, 401 met bediendekamer en 404, Kusweg, Seepunt, Kaapstad.

Ligging van eiendom.—Erf 601, Kaapstad te Seepunt.

659—1

GOVERNMENT NOTICES

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

No. 2669 **29 November 1985**

RENT CONTROL ACT, 1976

DECLARATION THAT CERTAIN DWELLINGS, AND SERVANTS' ROOMS ARE EXEMPTED FROM RENT CONTROL

Under the powers vested in me by section 51 (g) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), I, Abraham Adriaan Venter, Minister of Local Government, Housing and Works, hereby declare that the undermentioned premises are exempted from rent control three calendar months from date of publication hereof:

(a) The dwellings in the block of flats mentioned in the Schedule hereto; and

(b) the servants' rooms situated anywhere upon land forming part of land occupied by or used in connection with the dwellings mentioned in (a) above.

A. A. VENTER,
Minister of Local Government, Housing and Works.

SCHEDULE

Address of premises.—Flats 3 with servant's room, 103 with servant's room, 105, 106, 205, 206, 301 with servant's room, 303, 306, 401 with servant's room and 404, Knightsbridge Mansions, Beach Road, Sea Point, Cape Town.

Situation of premises.—Erf 601, Cape Town at Sea Point.

10021—1

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 2646 **29 November 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—KUNNIAPPEN IN GOVENDER

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937) , Jayapalan Govender Kunniappen, sy vrou Anandavalli Kunniappen en sy minderjarige kind Clinton Kunniappen, woonagtig te Wingenrylaan 15, Shallcross, Natal, te magtig om die van Govender aan te neem.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 2647 **29 November 1985**

ERKENNING VERLEEN AS KONSUL

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Goodman Mziwonke Mganu met ingang van 1 November 1985 erkenning verleen is in die nuwe pos van Konsul van die Republiek Ciskei in Kaapstad met daardie gedeelte van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop ten weste en met inbegrip van die landdrosdistrikte Colesburg, Middelburg, Graaff-Reinet, Jansenville, Steytlerville, Willowmore, Joubertina en Knysna as sy regsgebied.

(72/242/3)

No. 2648 **29 November 1985**

ERKENNING VERLEEN AS VISE-KONSUL

Hierby word bekendgemaak dat aan mej. Susan Rose Wagner met ingang van 1 Oktober 1985 erkenning verleen is in die nuwe pos van Vise-konsul van die Verenigde State van Amerika in Johannesburg met die provinsies Transvaal en die Oranje-Vrystaat as haar regsgebied.

(72/33/2)

No. 2665 **29 November 1985**

TOEKENNING VAN DIE ORDE VAN GOEIE HOOP IN DIE TWEEDE KLAS: GROOTOFFISIER

Hierby word bekendgemaak dat bogenoemde dekorasie op 1 Maart 1985 aan dr. Werner Marx oorhandig is kragtens die reëls vervat in die Bevelskrif wat by Goewermentskennisgewing R. 311 van 2 Maart 1973 gepubliseer is.

(113/35/4)

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 2659 **29 November 1985**

RENTEKOERS VAN TOEPASSING OP STAATSLENINGS EN VOORSKOTTE

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Finansies, ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), die standaardrentekoers van toepassing vanaf 1 Desember 1985, en tot nadere kennisgewing, op lenings en voorskotte deur die Staat toegestaan uit die Staatsinkomstefonds op agtien komma nul nul persent (18,00 %) per jaar vasgestel het.

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

No. 2646 **29 November 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—KUNNIAPPEN TO GOVENDER

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Jayapalan Govender Kunniappen his wife Anandavalli Kunniappen and his minor child Clinton Kunniappen, residing at 15 Wingen Walk, Shallcross Natal, to assume the surname of Govender.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 2647 **29 November 1985**

RECOGNITION GRANTED AS CONSUL

It is hereby notified that, with effect from 1 November 1985, recognition has been granted to Mr Goodman Mziwonke Mganu in the new post of Consul of the Republic of Ciskei at Cape Town with that portion of the Province of the Cape of Good Hope to the west of and including the Magisterial Districts of Colesberg, Middelburg, Graaff-Reinet, Jansenville, Steytlerville, Willowmore, Joubertina and Knysna as his area of jurisdiction.

(72/242/3)

No. 2648 **29 November 1985**

RECOGNITION GRANTED AS VICE-CONSUL

It is hereby notified that, with effect from 1 October 1985, recognition has been granted to Miss Susan Rose Wagner in the new post of Vice-Consul of the United States of America in Johannesburg with the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State as her area of jurisdiction.

(72/33/2)

No. 2665 **29 November 1985**

AWARD OF THE ORDER OF GOOD HOPE IN THE SECOND CLASS: GRAND OFFICER

It is hereby notified that on 1 March 1985 the abovementioned decoration was conferred on Dr Werner Marx in terms of the rules contained in the Warrant published under Government Notice R. 311 of 2 March 1973.

(113/35/4)

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 2659 **29 November 1985**

RATE OF INTEREST ON GOVERNMENT LOANS AND ADVANCES

It is hereby notified that the Minister of Finance has in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), fixed the standard interest rate applicable from 1 December 1985, and until further notice, to loans and advances granted by the State out of the State Revenue Fund at eighteen comma nil nil per cent (18,00 %) per annum.

Bogenoemde standaardrentekoers is van toepassing vanaf 1 Desember 1985, en tot nadere kennisgewing, op alle trekkings van lenings en voorskotte uit staatsgelde, uitgesonderd lenings en voorskotte ten opsigte waarvan ander rentekoerse spesifiek deur wetgewing of die Minister van Finansies gemagtig is.

No. 2666 **29 November 1985**

Hiermee word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde plaaslike/binnelandse geregistreerde effekte van 15 Desember 1985 tot en met 15 Januarie 1986 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 15 Januarie 1986 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:

Plaaslike Geregistreerde Effekte, 6,50 Persent, 1993.

Binnelandse Geregistreerde Effekte, 9,80 Persent, 2001.

Binnelandse Geregistreerde Effekte, 13,00 Persent, 2005.

Binnelandse Geregistreerde Effekte, 14,00 Persent, 1992.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 2649 **29 November 1985**

INSTELLING VAN DIE DISTRIK MOORREESBURG EN DIE HEROMSKRYWING VAN DIE PLAASLIKE GRENSE VAN DIE DISTRIK MALMESBURY

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (1) (a), (c), (f), (h) en (l) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), en na verkryging van 'n verslag van die Kommissie vir Administrasie kragtens artikel 3 (3) van genoemde Wet, maak ek, Hendrik Jacobus Coetsee, hierby bekend dat ek met ingang van 1 Januarie 1986—

(a) (i) die hof op Moorreesburg in die distrik Malmesbury afskaf;

(ii) Goewermentskennisgewing 241 van 1930 en 895 van 1949 intrek;

(b) (i) 'n distrik instel wat as die distrik Moorreesburg bekend sal staan;

(ii) die plaaslike grense van genoemde distrik omskryf soos in Bylae A hiervan uiteengesit;

(iii) 'n hof vir daardie distrik instel;

(iv) Moorreesburg aanwys as 'n plek binne daardie distrik waar hofsitting gehou kan word;

(v) Moorreesburg aanwys as die landdrossetel vir daardie distrik;

(c) (i) die Proklamasie van 25 Januarie 1839, gepubliseer in die *Kaapse Regeringskoerant* 1727, Proklamasie 88 van 1929 en Goewermentskennisgewing 728 van 1957 wysig daar die plaaslike grense van die distrik Malmesbury te heromskryf soos in Bylae B hiervan uiteengesit; en

(ii) Proklamasie 329 van 1939 en Goewermentskennisgewing 170 van 1957 intrek.

H. J. COETSEE,
Minister van Justisie.

BYLAE A

MOORREESBURG

Begin by die punt waar die noordwestelike verlenging van die noordoostelike grens van die plaas Klip Bank 145, administratiewe distrik Malmesbury, die middel van die Bergrivier kruis; daarvandaan algemeen suidooswaarts met die middel van genoemde Bergrivier langs tot by die punt waar die noordoostelike grens van Gedeelte 1 van die plaas Schoenemakersfontein 486 die middel van genoemde Bergrivier kruis; daarvandaan kloksgewys met die grense van die

The above-mentioned standard interest rate is applicable from 1 December 1985, and until further notice, to all drawings of loans and advances from State moneys, except loans and advances in respect of which other rates of interest are specifically authorised by legislation or the Minister of Finance.

No. 2666 **29 November 1985**

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned local/internal registered stocks will be closed from 15 December 1985 to 15 January 1986, both days inclusive, and that the interest due on 15 January 1986, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books:

Local Registered Stock, 6,50 Per Cent, 1993.

Internal Registered Stock, 9,80 Per Cent, 2001.

Internal Registered Stock, 13,00 Per Cent, 2005.

Internal Registered Stock, 14,00 Per Cent, 1992.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 2649 **29 November 1985**

CREATION OF THE DISTRICT OF MOORREESBURG AND REDEFINITION OF THE LOCAL LIMITS OF THE DISTRICT OF MALMESBURY

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (1) (a), (c), (f), (h) and (l) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), and after obtaining a report from the Commission for Administration under section 3 (3) of the said Act; I, Hendrik Jacobus Coetsee, hereby give notice that, with effect from 1 January 1986, I—

(a) (i) abolish the court at Moorreesburg, District of Malmesbury;

(ii) withdraw Government Notices 241 of 1930 and 895 of 1949;

(b) (i) create a district to be known as the District of Moorreesburg;

(ii) define the local limits of the said district as set out in Schedule A hereto;

(iii) establish a court for that district;

(iv) appoint Moorreesburg as a place within that district for the holding of a court;

(v) appoint Moorreesburg as the seat of magistracy for that district;

(c) (i) amend the Proclamation dated 25 January 1839, published in the *Cape Government Gazette* 1727, Proclamation 88 of 1929 and Government Notice 728 of 1957 by redefining the local limits of the District of Malmesbury as set out in Schedule B hereto; and

(ii) withdraw Proclamation 329 of 1939 and Government Notice 170 of 1957.

H. J. COETSEE,
Minister of Justice.

SCHEDULE A

MOORREESBURG

Beginning at the point where the north-western prolongation of the north-eastern boundary of the farm Klip Bank 145, Administrative District of Malmesbury, intersects the middle of the Berg River; thence generally south-eastwards along the middle of the said Berg River to the point where the north-eastern boundary of Portion 1 of the farm Schoenemakersfontein 486 intersects the middle of the said Berg River; thence clockwise along the boundaries of the

volgende plase langs sodat hulle by hierdie gebied ingesluit word: Rhenostervlei 485, Kraal Bosch Heuwel 405, Gedeeltes 5 en 15 van die plaas Kleinevalley 480, Malkopsvlei A 1002, Malkopsvlei 1003, Malansdam 515, Zoutfontein 477, Gedeeltes 1 en 11 van die plaas Kruywagens Kraal 520 en Gedeelte 6 van die plaas Koornplaats 524, tot by die noordelikste baken van Gedeelte 36 van die plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidelikste baken van Gedeelte 20 van genoemde plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525; daarvandaan noordweswaarts met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by hierdie gebied ingesluit word: Gedeelte 39 van genoemde plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525, Witkei A 952, Oude Post Public Outspan 466, Gedeelte 4 van die plaas Klipheuwel 464, Annex Nieuwedam 465, Nieuwedam 530, genoemde plaas Annex Nieuwedam 465, Gedeelte 1 van die plaas Oliphantskuil 463, Summerfield 462, Geelekuil 432 en Tweevalley 390, tot by die suidelikste baken van Klein Hamburg 393; daarvandaan noordweswaarts met die noordoostelike grens van Hamburg 391 langs tot by die punt waar dit die noordwestelike grens van genoemde plaas Klein Hamburg 393 kruis; daarvandaan noordooswaarts met die noordwestelike grens van laasgenoemde plaas langs tot by die noordelikste baken daarvan; daarvandaan algemeen noordwaarts met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by hierdie gebied ingesluit word: Kraane Valley 343, Plaas 327, Klipgat West 326, Diep Kloof 324, Zoetefontein 159 en Breekmuur 146, tot by die beginpunt.

BYLAE B

MALMESBURY

Begin by die punt waar die suidoostelike grens van die plaas Abrahams Kraal 449, administratiewe distrik Malmesbury, die laagwatermerk van die Atlantiese Oseaan kruis; daarvandaan noordooswaarts met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by hierdie gebied ingesluit word: De Hoek 450, Wilde Varkens Valley 452, Papenkuilsfontein 448, Zwartbergs Valley 447, Riet Fontein 378, Three Fontein 384, Groenfontein 440, Plaas 436, De Bron 963, Gedeelte 5 van die plaas Summerfield 462, genoemde plaas De Bron 963, Elands Vlei 539, Elands Valley 533, Kleine Rondeboschje 532, Kleygat 528, Gedeeltes 1 en 40 van die plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525 en Gedeeltes 30, 29 en 31 van genoemde plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525, tot by die noordoostelike baken van genoemde Gedeelte 31; daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidelikste baken van Gedeelte 20 van genoemde plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525, daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordelikste baken van Gedeelte 36 van genoemde plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525; daarvandaan suidooswaarts met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Gedeelte 36 van die plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525, Gedeelte 3 van die plaas Koornplaats 524, Gedeeltes 5 en 2 van die plaas Kruywagens Kraal 520, Zoutfontein Zuid 519, Nooitgedacht 514, Houdmoed 517, genoemde plaas Nooitgedacht 514, Voorspoed 511, Delectus 509, Gedeelte 5 van die plaas Vlakkerug 500, Plaas 483, Sandvlei 1020, Sandvlei 484, genoemde plaas Sandvlei 1020 en Schoenemakersfontein 486, tot by die punt waar die noordoostelike grens van genoemde plaas Schoenemakersfontein 486 die middel van die Bergrivier kruis; daarvandaan algemeen suidwaarts met die middel van genoemde Bergrivier langs tot by die punt waar die suidoostelike grens van die plaas Grensplaas 964 die middel van genoemde Bergrivier kruis; daarvandaan kloksgewys met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by hierdie gebied ingesluit word: Genoemde plaas Grensplaas 964, Diepegat 793, Botterriviers Valley 850, Plaas 994, Boter Kloof 851, Annex Hoornbosch 160, administratiewe distrik Paarl, Woodlands 874, Morulane 1035, Ryedenne 1027, Plaas 922, Kersbos-

following farms so as to include them in this area: Rhenostervlei 485, Kraal Bosch Heuwel 405, Portions 5 and 15 of the farm Kleinevalley 480, Malkopsvlei A 1002, Malkopsvlei 1003, Malansdam 515, Zoutfontein 477, Portions 1 and 11 of the farm Kruywagens Kraal 520 and Portion 6 of the farm Koornplaats 524, to the northernmost beacon of Portion 36 of the farm Vaderlandsche Rietkuyl 525; thence north-westwards in a straight line to the southernmost beacon of Portion 20 of the said farm Vaderlandsche Rietkuyl 525; thence north-westwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: Portion 39 of the said farm Vaderlandsche Rietkuyl 525, Witkei A 952, Oude Post Public Outspan 466, Portion 4 of the farm Klipheuwel 464, Annex Nieuwedam 465, Nieuwedam 530, the said farm Annex Nieuwedam 465, Portion 1 of the farm Oliphantskuil 463, Summerfield 462, Geelekuil 432 and Tweevalley 390, to the southernmost beacon of Klein Hamburg 393; thence north-westwards along the north-eastern boundary of Hamburg 391, to the point where it intersects the north-western boundary of the said farm Klein Hamburg 393; thence north-eastwards along the north-western boundary of the last-mentioned farm to the northernmost beacon thereof; thence generally northwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: Kraane Valley 343, Farm 327, Klipgat West 326, Diep Kloof 324, Zoetefontein 159 and Breekmuur 146, to the point of beginning.

SCHEDULE B

MALMESBURY

Beginning at the point where the south-eastern boundary of the farm Abrahams Kraal 449, Administrative District of Malmesbury, intersects the low-water mark of the Atlantic Ocean; thence north-eastwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: De Hoek 450, Wilde Varkens Valley 452, Papenkuilsfontein 448, Zwartbergs Valley 447, Riet Fontein 378, Three Fontein 384, Groenfontein 440, Farm 436, De Bron 963, Portion 5 of the farm Summerfield 462, the said farm De Bron 963, Elands Vlei 539, Elands Valley 533, Kleine Rondeboschje 532, Kleygat 528, Portions 1 and 40 of the farm Vaderlandsche Rietkuyl 525 and Portions 30, 29 and 31 of the said farm Vaderlandsche Rietkuyl 525, to the north-eastern beacon of the said Portion 31; thence south-eastwards in a straight line to the southernmost beacon of Portion 20 of the said farm Vaderlandsche Rietkuyl 525; thence south-eastwards in a straight line to the northernmost beacon of Portion 36 of the said farm Vaderlandsche Rietkuyl 525; thence south-eastwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: The said Portion 36 of the farm Vaderlandsche Rietkuyl 525, Portion 3 of the farm Koornplaats 524, Portions 5 and 2 of the farm Kruywagens Kraal 520, Zoutfontein Zuid 519, Nooitgedacht 514, Houdmoed 517, the said farm Nooitgedacht 514, Voorspoed 511, Delectus 509, Portion 5 of the farm Vlakkerug 500, Farm 483, Sandvlei 1020, Sandvlei 484, the said farm Sandvlei 1020 and Schoenemakersfontein 486, to the point where the north-eastern boundary of the said farm Schoenemakersfontein 486 intersects the middle of the Berg River; thence generally southwards along the middle of the said Berg River to the point where the south-eastern boundary of the farm Grensplaas 964 intersects the middle of the said Berg River; thence clockwise along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: The said farm Grensplaas 964, Diepegat 793, Botterriviers Valley 850, Farm 994, Boter Kloof 851, Annex Hoornbosch 160, Administrative District of Paarl, Woodlands 874, Morulane 1035, Ryedenne 1027, Farm 922, Kersboslaagte 921, Boerfontein 919, the said farm Kersboslaagte 921, Boerfontein Uitspan 920, Farm 928, Leeuwendans 937, Leeuwenkuil 936, the said farm Leeuwendans 937, Doordrift 939, Blaauwe Bloems Kloof 940, Radio 918, Admin-

laagte 921, Boerfontein 919, genoemde plaas Kersboslaagte 921, Boerfontein Uitspan 920, Plaas 928, Leeuwendans 937, Leeuwenkuil 936, genoemde plaas Leeuwendans 937, Doordrift 939, Blaauwe Bloems Kloof 940, Radio 918, administratiewe distrik Malmesbury, Radio 56, Klipheuwel Annex 52, Mariendal 63, Plaas 118, genoemde plaas Mariendal 63, Plaas 64, Adderley 66, Koeberg 110, De Kleine Oliphants Kop 104, Platterug 139, Road Station 140, Morning Star 141, Plaas 101, Blaauwe Berg 89, Plaas 142, Plaas 143, genoemde Plaas 142, Plaas 144, Plaas 145, Klein Melkbosch 94, administratiewe distrik Kaap, en Erf 1694, Melkbosch Strand, tot by die punt waar die verlenging van die suidoostelike grens van genoemde Erf 1694 die laagwatermerk van genoemde Atlantiese Oseaan kruis; daarvandaan algemeen noordweswaarts met genoemde laagwatermerk langs tot by die beginpunt.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGS-ONTWIKKELING

No. 2662 **29 November 1985**

OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE EN PLIGTE KRAGTENS ARTIKEL 31 (2) (a) VAN DIE WET OP GESONDHEID, 1977 (WET 63 VAN 1977)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31 (2) (a) van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), gelas ek, Willem Abraham van Niekerk, Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, hierby dat al die bevoegdhede verleen en pligte opgedra aan die Munisipaliteit van Alicedale kragtens die Wet op Gesondheid, 1977, met ingang van 1 Julie 1983 vir 'n onbepaalde tydperk aan die Afdelingsraad van Dias oorgedra word.

W. A. VAN NIEKERK,

Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling.

DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELINGSHULP

No. 2650 **29 November 1985**

OPDRA VAN BEPAALDE BEVOEGDHEDE, PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN DIE MINISTER VAN SAMEWERKING, ONTWIKKELING EN ONDERWYS AAN DIE MINISTER VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING EN BEPLANNING

Die Staatspresident het kragtens artikel 26 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet 110 van 1983), die uitvoering van die bepalings beliggaam in—

(a) die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951 (Wet 52 van 1951);

(b) subparagrawe (i) tot (vi) van paragraaf (a) van die omskrywing van "Minister" in artikel 1 (1) van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966);

(c) die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968);

(d) die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973),

wat bevoegdhede, pligte en werksaamhede aan die Minister van Samewerking en Ontwikkeling (nou die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp) toewys, met ingang van 1 November 1985 aan die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning opgedra.

istrative District of Malmesbury, Radio 56, Klipheuwel Annex 52, Mariendal 63, Farm 118, the said farm Mariendal 63, Farm 64, Adderley 66, Koeberg 110, De Kleine Oliphants Kop 104, Platterug 139, Road Station 140, Morning Star 141, Farm 101, Blaauwe Berg 89, Farm 142, Farm 143, the said Farm 142, Farm 144, Farm 145, Klein Melkbosch 94, Administrative District of the Cape, and Erf 1694, Melkbosch Strand, to the point where the prolongation of the south-eastern boundary of the said Erf 1694 intersects the low-water mark of the said Atlantic Ocean; thence generally north-westwards along the said low-water mark to the point of beginning.

DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH AND POPULATION DEVELOPMENT

No. 2662 **29 November 1985**

TRANSFER OF POWERS AND DUTIES IN TERMS OF SECTION 31 (2) (a) OF THE HEALTH ACT, 1977 (ACT 63 OF 1977)

Under and by virtue of the powers vested in me by section 31 (2) (a) of the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977), I, Willem Abraham van Niekerk, Minister of National Health and Population Development, hereby order that all the powers conferred and duties imposed on the Municipality of Alicedale under the Health Act, 1977, be transferred, with effect from 1 July 1983, to the Divisional Council of Dias for an indefinite period.

W. A. VAN NIEKERK,

Minister of National Health and Population Development.

DEPARTMENT OF DEVELOPMENT AID

No. 2650 **29 November 1985**

ASSIGNMENT OF CERTAIN POWERS, DUTIES AND FUNCTIONS OF THE MINISTER OF CO-OPERATION, DEVELOPMENT AND EDUCATION TO THE MINISTER OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT AND PLANNING

The State President has, under section 26 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1983 (Act 110 of 1983), assigned the administration of the provisions incorporated—

(a) the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act 52 of 1951);

(b) subparagraphs (i) to (vi) of paragraph (a) of the definition of "Minister" in section 1 (1) of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966);

(c) the Development of Self-government for Native Nations in South West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);

(d) the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973),

which entrust powers, duties and functions to the Minister of Co-operation and Development (now the Minister of Education and Development Aid), to the Minister of Constitutional Development and Planning with effect from 1 November 1985.

DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING EN BEPLANNING

No. 2657 **29 November 1985**

DORPSBESTUUR VAN NONZWAKASI.—BEPALING VAN BYKOMENDE BEVOEGDHEDE

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 23 (1) (l) van die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982 (Wet 102 van 1982)—

(i) herroep die voorbehoudsbepaling in Goewermentskennisgewing 2483 van 16 November 1984; en

(ii) bepaal dat die aangeleenthede in items 14, 16, 19 tot 25, 27 en 28 van die Bylae van genoemde Wet, benewens die in Goewermentskennisgewing 2483 van 16 September 1984 bedoelde aangeleenthede, aangeleenthede is met betrekking waartoe die Dorpsbestuur van Nonzwakasi ten opsigte van sy gebied beklee en belas is met al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge wat by of kragtens 'n wet aan 'n ontwikkelingsraad of 'n plaaslike bestuursliggaam ten opsigte van daardie gebied verleen of opgedra is.

J. C. HEUNIS,

Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

(A2/17/2/N50)

No. 2658 **29 November 1985**

STADSRAAD VAN VOSLOORUS.—BYKOMENDE BEVOEGDHEDE

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, beklee en belas hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 24 (2) van die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982 (Wet 102 van 1982), gelees met Proklamasie 1 van 1985, die Stadsraad van Vosloorus, ten opsigte van sy gebied, met al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge met betrekking tot—

(a) ambulansdienste wat by of kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), aan 'n plaaslike bestuursliggaam verleen of opgedra is of kan word.

J. C. HEUNIS,

Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

No. 2664 **29 November 1985**

ONWIKKELINGSRAAD OOS-RAND.—VERKLEINING VAN TEHUISPERSEEL GELEË TE GERMISTON

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 37 (2) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), maak ek, Jan Christiaan Heunis, bekend dat die Ontwikkelingsraad Oos-Rand, kragtens artikel 37 (1) van genoemde Wet, die tehuisperseel soos omskryf in Goewermentskennisgewing 793 van 26 Mei 1961, verklein het deur die uitsluiting daaruit van die in die Bylae hiervan omskrewe grond.

J. C. HEUNIS,

Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

(Lêer A6/5/2/G6)

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT AND PLANNING

No. 2657 **29 November 1985**

VILLAGE COUNCIL OF NONZWAKASI.—DETERMINATION OF ADDITIONAL POWERS

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, do hereby, by virtue of the powers vested in me by section 23 (1) (l) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982)—

(i) repeal the proviso in Government Notice 2483 of 16 November 1984; and

(ii) determine that the matters set forth in items 14, 16, 19 to 25, 27 and 28 of the Schedule to the said Act shall be matters, in addition to the matters contemplated in Government Notice 2483 of 16 September 1984, with regard to which the Village Council of Nonzwakasi is in respect of its area vested and charged with all the rights, powers, functions, duties and obligations which have been conferred upon or assigned to a development board or any local government body in respect of the said area by or under any law.

J. C. HEUNIS,

Minister of Constitutional Development and Planning.

(A2/17/2/N50)

No. 2658 **29 November 1985**

TOWN COUNCIL OF VOSLOORUS.—ADDITIONAL POWERS

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, do hereby, under and by virtue of the powers vested in me by section 24 (2) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), read with Proclamation 1 of 1985, invest and charge the Town Council of Vosloorus, in respect of its area, with all the rights, powers, functions, duties and obligations with regard to—

(a) ambulance services which have been or may be assigned to or conferred upon a local government body by or under the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939).

J. C. HEUNIS,

Minister of Constitutional Development and Planning.

No. 2664 **29 November 1985**

DEVELOPMENT BOARD EAST RAND.—CURTAILMENT OF HOSTEL SITE AT GERMISTON

By virtue of the powers vested in me by section 37 (2) of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984), I, Jan Christiaan Heunis, make known that the Development Board East Rand has in terms of section 37 (1) of the said Act, curtailed the hostel site described in Government Notice 793 of 26 May 1961 by the exclusion therefrom of the area of land described in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS,

Minister of Constitutional Development and Planning.

(File A6/5/2/G6)

BYLAE

'n Sekere stuk grond, groot 193 m² synde Gedeelte 166 ('n gedeelte van Gedeelte 161) van die plaas Driefontein 87 IR, geleë in die munisipale gebied van Germiston soos getoon op Kaart LG A8223/84.

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE

No. 2645 **29 November 1985**

DURBANHAWE.—BEVOEGDHEDE VAN DIE STADSRAAD VAN DIE STAD DURBAN MET BETREKKING TOT SEKERE GROND WAT AAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE BEHOORT

Ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Vervoerwese van die Republiek van Suid-Afrika, verklaar hierby kragtens artikel 68 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981 (Wet 65 van 1981), dat sekere grond binne die geproklameerde gebied van Durbanhawe wat aan die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste behoort of onder sy beheer is—

(a) wat aangedui is op Plan DH.62/A/693 wat ter insae lê in die Kantoor van die Stadsklerk, Durban, en dié van die Streekbestuurder, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Durban (hierna die "perseel" genoem); en

(b) wat aan die Stadsraad van die stad Durban verhuur en onder sy beheer geplaas is solank dit die Vervoerdienste behaag, op voorwaarde, onder andere, dat die perseel oop sal wees vir gebruik deur die publiek vir openbare ontspanning,

vir die doel van die Gekonsolideerde Ordonnansies en Regulasies van Natal (Ordonnansie op Plaaslike Owerhede 25 van 1974), en regulasies en verordeninge daarkragtens uitgevaardig, as openbare plek, strand of ander openbare ontspanningsplek onder die beheer van die Stadsraad van die stad Durban geag te wees en dat die genoemde Stadsraad bevoeg sal wees om met betrekking tot die perseel, al die bevoegdhede uit te oefen wat hy ingevolge genoemde Ordonnansie, regulasies en verordeninge geregtig is om uit te oefen met betrekking tot openbare plekke, strande en ander openbare ontspanningsplekke onder sy beheer.

Geteken te Pretoria op hede die 4de dag van Oktober 1985.

H. S. J. SCHOEMAN,
Minister van Vervoerwese.

No. 2661 **29 November 1985**

SALDANHABAAIHAWE.—BEVOEGDHEDE VAN DIE MUNISIPALITEIT VAN VREDENBURG/SALDANHA MET BETREKKING TOT SEKERE GROND WAT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE GEHUUR WORD

Ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Vervoerwese van die Republiek van Suid-Afrika, verklaar hierby kragtens artikel 68 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981 (Wet 65 van 1981), dat sekere grond binne die geproklameerde gebied van Saldanhabaaihawe wat aan die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste behoort, of onder sy beheer is—

(a) wat aangedui is op Plan SBH.195.A1.A3003 Vel 1 wat ter insae lê in die Kantore van die Stadsklerk, Vredenburg/Saldanha, en die Streeksbestuurder, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Saldanha (hierna die "perseel" genoem); en

SCHEDULE

A certain area of land, in extent 193 m², being Portion 166 (a portion of Portion 161) of the farm Driefontein 87 IR, situate in the municipal area of Germiston as indicated on Diagram SG A8223/84.

SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES

No. 2645 **29 November 1985**

DURBAN HARBOUR.—POWERS OF THE CITY COUNCIL OF THE CITY OF DURBAN WITH RESPECT TO CERTAIN LAND IN THE OWNERSHIP OF THE SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES

I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Transport Affairs of the Republic of South Africa, hereby declare in terms of section 68 of the South African Transport Services Act, 1981 (Act 65 of 1981), that certain land within the proclaimed area of Durban Harbour belonging to or falling under the control of the South African Transport Services—

(a) which is shown on Plan DH.62/A/693 which is open to inspection at the Office of the Town Clerk, Durban, and that of the Regional Manager, South African Transport Services, Durban (hereinafter referred to as the "premises"); and

(b) which has been leased to and placed at the disposal of the City Council of the City of Durban at the pleasure of the Transport Services, on condition, inter alia, that the premises shall be open for use by the public for public recreation,

shall, for the purpose of the Natal Consolidated Ordinances and Regulations (Local Authorities Ordinance 25 of 1974), and regulations and by-laws made in terms thereof, be deemed to be a public place, beach or other place of public recreation under the control of the City Council of the City of Durban, and that it shall be competent for the said Council to exercise, with respect to the premises, all such powers as it is entitled to exercise under the said Ordinance, regulations and by-laws with regard to public places, beaches and other places of public recreation under its control.

Signed at Pretoria on this 4th day of October 1985.

H. S. J. SCHOEMAN,
Minister of Transport Affairs.

No. 2661 **29 November 1985**

SALDANHA BAY HARBOUR.—POWERS OF THE MUNICIPALITY OF VREDENBURG/SALDANHA WITH RESPECT TO CERTAIN LAND LEASED FROM THE SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES

I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Transport Affairs of the Republic of South Africa, hereby declare in terms of section 68 of the South African Transport Services Act, 1981 (Act 65 of 1981), that certain land within the proclamed area of Saldanha Bay Harbour belonging to or falling under the control of the South African Transport Services—

(a) which is shown on Plan SBH.195.A1.A3003 Sheet 1 which is open to inspection at the Offices of the Town Clerk, Vredenburg/Saldanha, and the Regional Manager, South African Transport Services, Saldanha, (hereinafter referred to as the "premises"); and

(b) aan die Munisipaliteit van Vredenburg/Saldanha verhuur en onder sy beheer geplaas is solank dit die Vervoerdienste behaag, op voorwaarde, onder andere, dat die perseel oop sal wees vir gebruik deur die publiek vir openbare ontspanning,

vir die doel van artikel 188 van die Munisipale Ordonnansie, 1974, No. 20 van 1974 (Kaapland), en regulasies en verordeninge daarkragtens uitgevaardig, as openbare plek, strand of ander openbare ontspanningsplek onder die beheer van die Munisipaliteit van Vredenburg/Saldanha geag te wees, en dat die genoemde Munisipaliteit bevoeg sal wees om, met betrekking tot die perseel, al die bevoegdhede uit te oefen wat hy ingevolge genoemde Ordonnansie, regulasies en verordeninge geregtig is om uit te oefen met betrekking tot openbare plekke, strande en ander openbare ontspanningsplekke onder sy beheer.

Geteken te Kaapstad op hierdie 13de dag van Maart 1985.

H. S. J. SCHOEMAN,
Minister van Vervoerwese.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 756 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE KOWIERIVIER AAN BOAT HIRE SERVICES, PORT ALFRED

Hierby word ingevolge artikel 3 (5) van die Strandwet, No. 21 van 1935, bekendgemaak dat die Minister van Kommunikasie en van Openbare Werke van voorneme is om 'n terrein van ±150 m² benede die hoogwatermerk van die Kowierivier aan Boat Hire Services, Port Alfred, te verhuur vir die oprigting en instandhouding van 'n aanlegsteier.

'n Lokaliteitsplan lê ter insae in die Kantoor van die Streekverteenwoordiger, Departement van Openbare Werke en Grondsake, Eben Dönges-geboue (Kamer 461), Hancockstraat, Noordeinde.

Enige besware teen die voorgestelde verhuring moet skriftelik by bogenoemde adres (vir aandag mnr. E. Pienaar) ingedien word voor of op 30 Desember 1985.

(29 November 1985)

KENNISGEWING 760 VAN 1985

PARLEMENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

INDIENING EN EERSTE LESING VAN PUBLIEKE WETSONTWERPE OOR ALGEMENE SAKE

Ooreenkomstig Reël 23 van die Gesamentlike Reëls en Orders van die Volksraad, die Raad van Verteenwoordigers en die Raad van Afgevaardigdes (Algemene Sake) maak ek hiermee bekend dat die volgende publieke wetsontwerpe oor algemene sake kragtens subartikel (1) van genoemde Reël aan die Speaker van die Parlement voorgelê is en kragtens subartikel (3) (b) daarvan geag word in elke Huis van die Parlement behoorlik ingedien en vir die eerste maal gelees te wees:

Wysigingswetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie [W25–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op Nasionale Parke [W26–86 (AS)];

(b) which has been leased to and placed at the disposal of the Municipality of Vredenburg/Saldanha at the pleasure of the Transport Services, on condition, inter alia, that the premises shall be open for use by the public for public recreation,

shall, for the purpose of section 188 of the Municipal Ordinance, 1974, No. 20 of 1974 (Cape), and regulations and by-laws made in terms thereof, be deemed to be a public place, beach or other place of public recreation under the control of the Municipality of Vredenburg/Saldanha, and that it shall be competent for the said Municipality to exercise, with respect to the premises, all such powers as it is entitled to exercise under the said Ordinance, regulations and by-laws with regard to public places, beaches and other places of public recreation under its control.

Signed at Cape Town on this 13th day of March 1985.

H. S. J. SCHOEMAN,
Minister of Transport Affairs.

GENERAL NOTICES

NOTICE 756 OF 1985

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

PROPOSED LEASE OF A PORTION OF THE KOWIE RIVER TO BOAT HIRE SERVICES, PORT ALFRED

Notice is hereby given in terms of section 3 (5) of the Sea-Shore Act, No. 21 of 1935, that the Minister of Communications and of Public Works proposes to lease a site of ±150 m² below the high-water mark of the Kowie River to Boat Hire Services, Port Alfred, for the erection and maintenance of a jetty.

A locality plan is open for inspection at the Office of the Regional Representative, Department of Public Works and Land Affairs, Eben Dönges Building (Room 461), Hancock Street, Port Elizabeth.

Any objections against the proposed lease must be submitted in writing to the above-mentioned address (for attention Mr E. Pienaar) on or before 30 December 1985.

(29 November 1985)

NOTICE 760 OF 1985

PARLIAMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

INTRODUCTION AND FIRST READING OF PUBLIC BILLS ON GENERAL AFFAIRS

Pursuant to Rule 23 of the Joint Rules and Orders of the House of Assembly, the House of Representatives and the House of Delegates (General Affairs) I hereby make known that the following public bills on general affairs have in terms of subsection (1) of the said Rule been submitted to the Speaker of Parliament and are in terms of subsection (3) (b) thereof deemed to have been duly introduced and read a first time in each House of Parliament:

South African Tourist Corporation Amendment Bill [B25–86 (GA)];

National Parks Amendment Bill [B26–86 (GA)];

Wysigingswetsontwerp op die Wattelbasnywerheid [W27–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op Technikons (Nasionale Opvoeding) [W28–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op Landbouplae [W29–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs [W30–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op Finansieringskoste [W31–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op Finansiële Instellings [W32–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op Beslote Korporasies [W33–86 (AS)];

Wetsontwerp op Bouverenigings [W34–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op Aangeleenthede Betreffende Toelating tot en Verblyf in die Republiek [W35–86 (AS)];

Wysigingswetsontwerp op die Kieswet [W36–86 (AS)];

A. J. DE VILLIERS,
Sekretaris van die Parlement.

Parlement, Kaapstad.

24 November 1985.

(29 November 1985)

Wattle Bark Industry Amendment Bill [B27–86 (GA)];

Technikons (National Education) Amendment Bill [B28–86 (GA)];

Agricultural Pests Amendment Bill [B29–86 (GA)];

Public Accountants' and Auditors' Amendment Bill [B30–86 (GA)];

Finance Charges Amendment Bill [B31–86 (GA)];

Financial Institutions Amendment Bill [B32–86 (GA)];

Close Corporations Amendment Bill [B33–86 (GA)];

Building Societies Bill [B34–86 (GA)];

Matters concerning Admission to and Residence in the Republic Amendment Bill [B35–86 (GA)];

Electoral Act Amendment Bill [B36–86 (GA)];

A. J. DE VILLIERS,
Secretary to Parliament.

Parliament, Cape Town.

24 November 1985.

(29 November 1985)

KENNISGEWING 761 VAN 1985

KOÖPERASIE VAN DIE REGISTER GESKRAP TE WORD.—MTUBATUBA HOME INDUSTRIES CO-OPERATIVE LIMITED

Hiermee word gekendgemaak dat die naam van bogenoemde Koöperasie na verloop van 60 dae met ingang vanaf die datum van hierdie kennisgewing van die register geskrap sal word ooreenkomstig die bepalings van artikel 45 (2) van die Koöperasiewet, 1981, en die Koöperasie sal ontbind word tensy bewys gelewer word dat die Koöperasie handel drywe of in werking is.

Enige besware wat gelanghebbende persone teen hierdie prosedure wil inbring moet met vermelding van redes voor verstryking van die tydperk van 60 dae by hierdie Kantoor ingedien word.

Registrateur van Koöperasies.

Kantoor van die Registrateur van Koöperasies
MHVS-gebou
Beatrixstraat 84
Privaatsak X237
Pretoria
0001

(29 November 1985)

NOTICE 761 OF 1985

CO-OPERATIVE TO BE STRUCK OFF THE REGISTER.—MTUBATUBA HOME INDUSTRIES CO-OPRATIVE LIMITED

Notice is hereby given that the name of the above-mentioned Co-operative will, at the expiration of 60 days from the date of this notice, be struck off the register in terms of the provisions of section 45 (2) of the Co-operatives Act, 1981, and the Co-operative will be dissolved unless proof is furnished to the effect that the Co-operative is carrying on business or is in operation.

Any objections to this procedure which interested persons may wish to raise, must together with the reasons therefor, be lodged with this office before the expiration of the period of sixty days.

Registrar of Co-operatives.

Office of the Registrar of Co-operatives
PSMAA Building
84 Beatrix Street
Private Bag X237
Pretoria
0001

(29 November 1985)

KENNISGEWING 762 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELINGSHULP

AANSTELLING VAN LEDE VAN SEKERE DORPSRADE IN NATAL

Hierby word vir algemene inligting kragtens regulasie 2 (2) (b) van die Regulasies vir die Administrasie van en Beheer oor Sekere Stadsgebiede in Natal, Afgekondig by Proklamasie R. 86 van 1982, bekendgemaak dat die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp die volgende persone as lede van die Dorpsraad van Nongoma aangestel het, vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 1 Desember 1985:

NOTICE 762 OF 1985

DEPARTMENT OF DEVELOPMENT AID

APPOINTMENT OF MEMBERS OF CERTAIN TOWN BOARDS IN NATAL

It is hereby notified for general information in terms of regulation 2 (2) (b) of the Regulations for the Administration and Control of Certain Urban Areas in Natal, promulgated under Proclamation R. 86 of 1982, that the Minister of Education and Development Aid has, for a period of three years with effect from 1 Desember 1985, appointed the undermentioned persons to be members of the Town Board of Nongoma:

Mnre. T. N. de Klerk, F. J. Viljoen, J. W. Greyling, D. J. du Plessis, M. J. Zungu, T. J. Mthethwa en dr. M. M. Mthethwa.

Meneer T. N. de Klerk is as Voorsitter van die Dorpsraad aangewys.

(29 November 1985)

KENNISGEWING 763 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELINGSHULP

AANSTELLING VAN LEDE VAN SEKERE DORPSRADE IN NATAL

Hierby word vir algemene inligting kragtens regulasie 2 (2) (b) van die Regulasies vir die Administrasie van en Beheer oor Sekere Stadsgebiede in Natal, afgekondig by Proklamasie R. 86 van 1982, bekendgemaak dat die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp die volgende persone as lede van die Dorpsraad van Impendhle aangestel het, vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 1 Desember 1985:

Mnre. J. T. Mulder, T. E. Mbenze, H. T. Zuma en mejj. V. R. T. Radebe en P. N. Ngubane.

Meneer J. T. Mulder is as Voorsitter van die Dorpsraad aangewys.

(29 November 1985)

KENNISGEWING 764 VAN 1985

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING VAN 'N NUWE ABATTOIR KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE ABATTOIRBEDRYF, 1976 (WET 54 VAN 1976)

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976), dat mnre, Econgold (Edms.) Bpk., 13de Verdieping, B.P.-sentrum, Kaapstad, 8001, kragtens artikel 11 van genoemde Wet by die Minister van Landbou-ekonomie en van Waterwese aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting van 'n nuwe abattoir op die Restant van die plaas Boschrivier 609, Caledon.

Indien die aansoek toegestaan word, sal die abattoir gebruik word vir die slag van 240 beeste en 50 skape/bokke per dag vir die inmaak van vleis vir uitvoer doeleindes.

Iemand wat vertoë of besware in verband met bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Abattoirkommissie, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies kragtens genoemde Wet uitgevaardig.

Aandag word gevestig op die bepalings van regulasies 11 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat vertoë of besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, terselfdertyd 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is op die betrokke applikant moet bestel.

A. D. MARITZ,
namens Voorsitter: Abattoirkommissie.

L.W.—Die regulasies vereis dat besware onder eed bevestig en in drievoud voorgelê moet word.

(29 November 1985)

Messrs. T. N. de Klerk, F. J. Viljoen, J. W. Greyling, D. J. du Plessis, M. J. Zungu, T. J. Mthethwa and Dr M. M. Mthethwa.

Mister T. N. de Klerk has been designated to be the Chairman of the Town Board.

(29 November 1985)

NOTICE 763 OF 1985

DEPARTMENT OF DEVELOPMENT AID

APPOINTMENT OF MEMBERS OF CERTAIN TOWN BOARDS IN NATAL

It is hereby notified for general information in terms of regulation 2 (2) (b) of the Regulations for the Administration and Control of Certain Urban Areas in Natal, promulgated under Proclamation R. 86 of 1982, that the Minister of Education and Development Aid has, for a period of three years with effect from 1 December 1985, appointed the undermentioned persons to be members of the Town Board of Impendhle:

Messrs J. T. Mulder, T. E. Mbenze, H. T. Zuma and Misses V. R. T. Radebe and P. N. Ngubane.

Mister J. T. Mulder has been designated to be the Chairman of the Town Board.

(29 November 1985)

NOTICE 764 OF 1985

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION OF A NEW ABATTOIR IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE ABATTOIR INDUSTRY ACT, 1976 (ACT 54 OF 1976)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976), that Messrs Econgold (Pty) Ltd, 13th Floor, B.P. Centre, Cape Town, 8001, have in terms of section 11 of the said Act applied to the minister of Agricultural Economics and of Water Affairs for approval for the erection of a new abattoir on the Remainder of the farm Boschriver 609, Caledon.

If the application is granted, the abattoir will be used for the slaughter of 240 head of cattle and 50 sheep/goats per day for canning meat for export purposes.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Abattoir Commission, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of 30 days from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act.

Attention is invited to the provisions of regulation 11 (6) of the said regulations which require any person who sumbits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

A. D. MARITZ,
for Chairman: Abattoir Commission.

Note.—The regulations require that objections be affirmed under oath and submitted in triplicate.

(29 November 1985)

KENNISGEWING 765 VAN 1985

SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie stel ondersoek in na die huwelike en gebruiklike verbindings van Swart persone (projek 51) en het onlangs 'n werkstuk vir algemene inligting en kommentaar gepubliseer. Die keerdatum vir kommentaar en voorstelle vir die hervorming van die vertakking van die reg was 30 November 1985. Hierdie datum is nou verleng na 31 Maart 1986.

